Vars Nuus

Desember 2011

Kruispaaie

Om die direkteurspos te vul vir die volgende twee jaar was nie deel van ons planne gewees nie!

Dit is maar net een van die kruispaaie waarvoor die Here ons gebring het die afgelope jaar. Ons het ons jaar tuisdiens kortgeknip omdat hulle ’n tydelike, interim direkteur nodig gehad het vir die laasste 6 maande van die jaar. Intussen het die vorige direkteur laat weet dat hy terug kom nie. In Desember sou die Raad dan ’n nuwe direkteur aanstel. Daar is wel iemand anders in die pyplyn om sy plek oor te neem, maar hulle kan eers Sep 2012 kom. Omdat hy nie die taal ken nie, sal hy vir ongeveer ’n jaar redelik intensief die taal moet aanleer. Dit sou dan beteken dat iemand anders vir die volgende byna 2 jaar die leisels sou moes oorneem todat die nuwe persoon gereed is. Met al die baie wisseling in vooruitsig, is ek gevra of ek dit nie sou oorweeg om die volle direkteurspos te neem nie. Dit was ’n groot las op my en regtig ’n ernstige kruispad waarvoor ek en Sandra te staan gekom het. Indien ek dit wel sou doen sou ek geweldig besig wees as ek beide as eksegeet van die Irall vertaalspan en die direkteur van hierdie Suidelike streek sou wees.

Na baie gebed en vergaderings het ek nou die voltydse direkteur van ons Suidelik streek geword.

Bid asb dat die vrede wat ons oor die besluit het ook ’n positiewe uitwerking op die werk van die Here in die streek sal he!

Vertaalwerk

Gepraat van vertaalwerk, die konultant van die Byb Genootskap kom alreeds 15 Jan om ons werk te kontroleer. Direk daarna het ons ’n twee weke werkswinkel met ’n Internasionale Linguistiese konsultant om spanne van oor die hele voormalige Soviet Unie te help. Ons is op die oomblik besig met Markus. Ons het nou al Jona, Rut, Gen en die helfte van Markus in the Irall taal vertaal. Sandra-hulle het Jona, Rut, Ester en Lukas in die Iratt taal vertaal.

Gesinsbelange

’n Brokkie uiters goeie nuus is dat Johannes nou sy graad as Meg Ing voltooi het! Hy gaan volgende jaar sy met Meestersgraad begin terwyl hy vir ’n firma in Potch gaan werk en navorsing doen.

Die ander twee sit nog hulle ingineursgrade voort. Bid asb ook vir hulle wat groot uitdagings ervaar!

As mens so aan die einde van die jaar kom, dan staan mens altyd verwonderd oor die voorsiening van die Almagtige God en besef dat Hy getrou is aan wat in Ps 37:25 geskryf is.

Baie dankie aan elkeen wat deel is van hierdie werk waaraan ons ook ’n deel het.

Roelie en Sandra,

roelie_van_der_spuy@sil.org